# MALAN VONK

## 14de Uitgaaf

## SEPTEMBER - 2014

Hierdie **Malan Vonk** is ook ons **Lente – uitgaaf** en verskyn vir die 14de keer. Ons is bevoorreg om die afgelope aantal jare ons lesers te voorsien van baie interssante inligting oor die Malans van Suid-Afrika deur middel van die elektroniese media.

Hierdie uitgawe bevat terugvoering oor die Saamtrek wat in Oktober 2013 te Stellebosch gehou is, asook die komende Saamtrekke te Paarl en Pretoria om die 25ste verjaardag te vier van die Malan-familiebond van SA.

**N.G. Moederkerk te Stellenbosh en gedenkplaat.**

Saterdag 12 Oktober 2013 was maar 'n trietsig en nat oggend. Binne die kerk was dit egter lekker snoesig en warm. Ds Hercules Malan wat verantwoordelik was vir die oprigting van die **gedenkplaat** op 2 Oktober 1993 om aan te dui dat ons stamouers Jacques en Isabeau Malan in graf 8 voor die kansel begrawe lê, het die opening met skriflesing en gebed waargeneem. Na besigtiging van die gedenkplaat het ons vertrek na die **Sasol kunsgallery.**



**Groep Malans voor die kansel van die N.G. Moederkerk, Stellenbosch.** Ds Hercules is regs van die middel in die grys pak. Die voorsitter Dennis Malan voor in die rystoel.

# Amptelike Nuusbrief

# van die

# Malan-familiebond

## IN HIERDIE UITGAWE.

Besoek aan N.G.Moederkerk…..…………1
Besoek Sasol Kunsgallery…………………1
Libertas – Besigtig muurskilderye…………2
Saamtrek te Simonsig……………….……3
Kontreinuus en koerantberigte…….….….4
Saamtrek te Paarl………………………….. 5
Saamtrek te Pretoria………………………...6
Kostes en betalings…………………………6
Ledegeld………………………………………6


## Sasolkunsgallery – AFRIKANA-SKAT weerspieël Kaap in 1839

***Geluk en toeval het verseker dat 'n*** Switsers-gebore Engelsman uit Indië in 1839, ses maande na die Slag van Bloedrivier, 'n aantal tonele van die rustige Kaap geskilder het en dat dié Afrikana- skat Stellenbosch toe gekom het.

**Solomon Caeser Malan**(1812-1894) het as briljante jong Switser aan Oxford gaan studeer,'n Britse burger geword en in 1837 'n professoraat in die Klassieke in Kalkutta, Indië, aanvaar. Sy vrou, Mary, moes weens swak gesondheid terug Engeland toe en hy vergesel haar tot aan die Kaap, waar hy in die winter van 1839 vier maande vertoef voordat hy na Indië terug is.

In dié kort tydjie skep die 27-jarige Malan as amateur-kunstenaar 90 unieke skilderye en tekeninge in pen, potlood, waterverf en sepiawas: tonele van die destydse Kaapstad en omgewing, asook van sy reis deur Stellenbosch en Franschhoek na Genadendal en vandaar deur die Helderberg-kom terug Kaap toe.

Malan is in 1840 weer vir goed Engeland toe. Onderweg daarheen hoor hy dat sy vrou dood is. In1842 word hy predikant, hertrou in 1843 en bedien die gemeente Broadwindsor in Dorset. Hy was 82 met sy dood in 1894.



**Tafelberg vanaf Soutrivier met windmeul.**

Vandag bekend as Mostert se meul. Hierdie is een van 90 unieke skilderye wat in die Sasol Kunsgalley te sien is.

In 1855 het Malan tydens die Krimoorlog van sy waterverftekeninge aan die Royal Academy geskenk vir 'n geldinsameling vir Florence Nightingale. Van sy sketse is ook in Bybel-illustrasies gebruik. Baie van sy oorspronklike tekeninge is in die Britse Museum. Sowat 1 600 van Malan se kunswerke is opgeneem in tien bande of albums. Die Kaapse werke maak deel uit van die eerste album, getiteld **India.**

Sy seun Arthur Noel Malan het destyds 'n biografie van S C Malan uitgegee. 'n Suid-Afrikaanse dokter, Philip Traub, het in 1996 'n eksemplaar daarvan in 'n Londonse rommelwinkel raakgeloop en na baie moeite die werke se eienaar, Eduard Malan, 'n nasaat van SC, opgespoor.

'n Oudmatie, wyle dr Avril Malan, het ook daarvan te hore gekom en besluit om dié Kaapse Africana Suid-Afrika toe te probeer bring. Edward Malan was eers teësinnig, maar het later ingewillig om die India-katalogus met die Kaapse werke daarin teen 'n aansienlike bedrag te verkoop.

Dr Malan ('n oudpolitikus en latere sakeman) het toe die katalogus met 191 werke (waaronder die Kaapse werke, asook die Indiese tonele) gekoop. In 1968, het hy dit vir bewaring aan die Universiteit van Stellenbosch geskenk.

Die US het in daardie jaar 'n uitstalling van die versameling aangebied en 'n boek daaroor wat sedertdien 'n Africana-versameling geword het, uitgegee. In 1979 toe Stellenbosch sy 300-jarige bestaan gevier het, is 'n deel van die versameling weer uitgestal. Sedert die US in 1991 sy nuwe Sasol Kunsmuseum ingewy het, word 'n deel van die versameling daar permanent vir die publiek ten toon gestel.

Mnr Henri Wirth, restoureerder van die US, het die versameling gerestoureer. Omdat die kunstenaar die werke in sketsboeke gedoen het, is van die werke aan weerskante van die papier – sodat net een daarvan op 'n slag vir uitstalling in 'n raam vertoon kan word.

Sy kunswerke was destyds, voordat fotografie uitgevind is, die ekwivalent van die hedendaagse toeris met sy kamera – 'n manier om jou reiservarings op te teken!

*Met erkenning aan die Universiteitsmuseum. Tel: 021 808 3692. Faks: 021 808 3669*

**Besoek aan Libertas, woning van Adam Tas**

Ons is vriendelik verwelkom deur Mev Yvonne Blake, die huidige eienares, wat dan ook die herehuis aan ons gewys het en ons meer vertel het van die muurskilderye.

**Libertas** het aan **Adam Tas** behoort van 1703 tot 1722. Van 1760 tot 1768 het Libertas behoort aan **Jacobus Hermanus Malan** voorouer van Dr Hercules Malan. Jacobus sterf op 38-jarige ouderdom. Sy weduwee trou ses maande na sy dood met die wewenaar **Johann Bernard Hoffman**. Hy was toe al die vader van 12 kinders. Anna het reeds drie kinders by Jacobus Malan gehad en nog ses kinders is uit uit Johann en Anna se huwelik gebore. Die Hoffmans het met hul 21 kinders op ***Libertas*** gewoon. Die **L**-plan huis is in 1771 in 'n **H-**plan huis omskep om vir dié groot gesin voorsiening te maak. Die gesin moes vermoënd gewees het, want daar is teen die einde van die 18de eeu aan **Jan Adam Hartman** en sy seun opdrag gegee om die voor- en agterkamers met uitbeeldings van die bedrywighede van die Hoffmankinders te versier. Dit is die kunswerke wat ons die voorreg gehad het om te besigtig. *Sien "Die Malans van SA" blds. 63.*



**Die sitkamer te Libertas met verskillende fresko's.**

Mev Yvonne Blake, wat die herehuis te **Libertas** bewoon, het die groepie Malan hartlik verwelkom. Sy het begin om eerste die sitkamer hierbo te wys gevolg deur die ander vertrekke. Sy noem dat **Jan Adam Hartman** die fresko's in 1779 begin skilder het om die kinders die kuns aan te leer. Die metode van muurskildering bestaan daaruit dat die skildery in waterverf op nat pleisterwerk aangebring word. Die verf word met eierwit gemeng om dit hard te maak. Elke vertrek se fresko's het 'n ander tema uitgebeeld bv die sitkamer *al die seisoene*. Die spens bv beeld *versigtigheid en matigheid* uit. Die kaggel met deurtjies bo die kaggel beeld *moederliefd*e uit, wat deur die *hitte uitgestraal word*. Die fresko's beeld ook oa die werksaamhede van daardie tyd uit bv kunste, medisyne en die anker geloof, hoop en liefde. Die voorportaal bevat 8 fresko's, die gastekamer 10, die sitkamer 9 en die eetkamer 12. 'n Verdere interssantheid is dat die sitkamervloer nog bestaan uit oorspronklike Bataafse teëls.



**Groepie Malans voor Adam Tas se herehuis te Libertas.**

**<u>Malan-Saamtrek te Simonsig</u>**

Na die verwelkoming deur die voorsitter, Dennis Malan, open Ds Hercules Malan die verrigtinge by **Simonsig** met die gebruiklike skriflesing en gebed. 'n Boodskap van die Malan-familiebond deur ons beskermheer J C (Jack) Malan word voorgehou. **Prof Christo Viljoen** voorsitter van die Hugenote Vereniging van SA praat oor die onderwerp "**325-jarige Herdenking van die koms van Hugenote na Suid-Afrika."**



**Prof Christo Viljoen, hoofspreker aan die woord.**

Hierna besigtig die gaste die Malan-knipsels van Danie Malan en verdaag ons vir 'n uitmuntende middagete by **Cuvée Restaurant** geborg deur die **Malans van Simonsig.**



**Malans voor die wynkelder te Simonsig – voorste ry l na r: Danie (Boksburg), Dennis – Voorsitter (Strand), Prof en Mev Christo Viljoen – hoofspreker (Stellenbosch) en Dr Hercules-Onder-voorsitter (Polokwane).**

Na middagete lewer Dr Hercules Malan ‘n referaat oor **“Die Malan-Voortrekkers.”** Francois Malan deel **“Die geskiedenis van Simonsig”** met ons.



**Francois Malan en gade en Prof Christo Viljoen sprekers by die Malan-saamtrek.**

In die agtergrond is die Malan-knipsels van Danie Malan van Boksburg.

Die verrigtinge word afgesluit met bedankings deur Edie Malan bestuurslid van die Malan-Familiebond en die oorhandiging van ‘n spesiale oorkonde aan Oom Japie Malan vir 24 jaar uitstaande en getroue diens aan die Bond.

**KONTREINUUS, KOERANTBERIGTE ENS.**

**D F Malan en die opkoms van die Afrikaner-nasionalisme deur Lindie Koorts** het vroeëre vanjaar verskyn. Verskeie resensies het in ***Rapport*** en ***Die Burger*** verskyn. Herman Gillomee skryf; “ Hierdie biografie van D F Malan is ‘n uitstekende, dikwels boeiende werk wat die vele dimensies onthul van ‘n man wat die Afrikaner-nasionalistiese beweging gedomineer het en meer as enigiemand anders die NP se oorwinning in 1948 verseker het. In dié aangrypende voorstelling wys Lindie Koorts hoe Malan sy tyd vér vooruit was in sy denke oor belangrike teologiese kwessies, die uitdaging van armoedeverligting en die belang van taal in politieke mobilisasie.” Steve Hofmeyr sê: “ Hy hou van geskiedskrywing waarin die objektiewe karweier van feite nooit tussen die leser en die storie staan nie.” Jacob Dlamini, skrywer van *Native Nostalgia* sê:” ‘n Geskiedenis wat begrip toon, maar nie apologeties is nie, wat simpatiek staan , maar nie verkonend is nie.” In die voorwoord word die vraag gevra: “Wie was die mens agter die dik bril van *‘”Doktor Malan”* ? Die boek bied ‘n diep persoonlike blik op ‘n veelkantige mens: die hardwerkende dominee; die slim koerantman; die alleenloper tot op 52 en die afgetrokke intelektueel wat op ‘n keer by die huis uit is, nog met sy pantoffels aan,”

**Nuwe lewe van Maria Malan –** In ***Die Burger*** en ***Die Byvoegsel*** van **Saterdag 22 Augustus 1964** word die volgende vraag gevra en beantwoord: “ Dr D F Malan is op 7 Februarie 1959 oorlede. Vyf jaar gelede, Hoe het dié vrou wat hy as weduwee agtergelaat het daarin geslaag om, na 22 jaar aan sy sy in die helder lig van die openbare lewe, weer ‘n eie, onafhanklike koers te vind? Oor hierdie moeilike aanpassing het mev. Maria Malan nou openhartig met Die Byvoegsel gesels. Tekend van die nuwe lewenspatroon is die feit dat sy sedert begin verlede jaar klasse in die volkekunde en die sosiologie aan die Universiteit van Stellenbosch volg.”

**Jannie Malan** is in 1973 in Wynberg, Kaapstad gebore, ,aar word groot in Pretoria. Hy studeer in tale en uitgewerswese. Hy is tans konsultant in menslike kapitaalbestuur. Sy debuut-digbundel, ***In ligte laaie*** het in Mei verskyn by **Protea Boekhuis.**

**Morgenster-olyfolie heel beste. Giulio Bertrand, eienaar van Morgenster, Somerset-Wes** wat oorspronklik aan Jacques Malan stamvader van die Malans van SA behoort het, het die ***Flos Olei 2014*** prys ontvang. Morgenster se ekstra suiwer olyfolie het die hoogste punte - 98 uit 100 - behaal wat enige produsent in die internasionale kompetisie van ***Flos Olei*** al beskore was. As olyfprodusent het Morgenster ook die toekenning **“Gemaak met liefde”** ontvang in die afdeling waarin die 20 beste olyfplase aangewys is. Die bond het Giulio gelukgewens met hierdie besondere prestasies.

**Kaapse Wynmeesters nou ses meer.** Die nuwe Wynmeesters moes ’n strawwe program oor vyf jaar deurloop om hul kennis van wyne en wingerde hier en oorsee uit te brei. Dit het die Kaapse Wynmeesters wat sedert 1984 gegradueer het, op 88 te staan gebring. **Marius Malan** wat aan US vir die graad

BScAgric gestudeer het, se tesis het gehandel oor " Is die Swartland die nuwe wynmiddelpunt van SA?." Malan het as beste student in die afdeling vir vonkelwyn, die sabel vir die sabrage van vonkelwynbottels van Jeff Grier van Villeria ontvang. Baie geluk Marius!

## Die Malan-familiebond se Saamtrek te Simonsvlei, Stellenbosch op Saterdag 4 Oktober 2014

Alle **Malans** word vriendelik uitgenooi om die **25 ste verjaardag te Simonsvlei te Suider-Paarl by te woon.**

**Die Malan-famliebond** se bestaan het gespruit uit 'n begeerte van enkele Malans om in bewaring te neem en te hou dit wat Hugenote voorgeslagte vir ons hierheen gebring het.

Die dagte om so'n bond te stig is by die eerste Malan-saamtrek op 6 Oktober 1951 geopper. Die skrywer Jacques Malan se boek**, *Die Malan-gedenkboek,*** wat daardie dag bekend gestel is, was so'n element: 'n **Eerste** waarin die eie geskiedenis van die Hugenote-Malans hier te lande met dié van hul naamgenote elders in die wêreld gebondenheid saam gebind kon word. Die **tweede** element was die besielende boodskap van Dr D F Malan, toe Eerste Minister van SA en sy droom dat 'n Malan-geslagsregister deur 'n Malan opgestel moes word.



**Groep Danies voor die Hugenote Monument te Franschhoek tydens die eerste Malan-Saamtrek 6 Oktober 1951.** Op die foto verskyn **Dr D F Malan** met swart hoed. Die huidige voorsitter van die Malanbond Daniel (Dennis) Malan kniel heel regs.

Hierdie droom is bewaarheid met die bekendstelling van die manuskrip van **Die Malans van Suid-Afrika, geskiedenis en geslagregister,** deur dr, Hercules Malan te Krugersdorp op 9 April 1987. Die idée was om 'n Malan-Familiebond te stig wat sou saamval met die 300-jarige Hugenote-Fees op Franschhoek. Dit het groot byval gevind by 'n saamtrek by die Voortrekkerterrein te Stellenbosch op 16 April 1988, toe die **Malans van SA** vrygestel is. Uiteindelik is die Malan-Familiebond gestig te Blyvooruitsig op **15 Desember 1989** met 37 stigterslede, as kulturele organisasie sonder winsbejag. 'n Missie en doelstellings is geformuleer.

## Die program vir Saterdag 4 Oktober 2014 te Paarl, Wes-Kaap.

**09:30** Begin by die sjokoladefabriek voorheen die ou opstal van Leeuwenjacht van Daniel Gerhardus Malan. Ook bekend as Seideling en vandag die **Spice Route**, Suid-Agter Paarlweg, 800 meter van Fairview. **Agtergrondgeskiedenis** deur Dennis Malan (Strand) – **Neem van groepfoto.**

**10:30** Vertrek na **Simonsvlei.**

**11:00 Registrasie** en besigtiging van koerantknipsels deur Danie Malan (Boksburg) Verkoop van glase, boeke en 25 ste verjaarsdagkaartjies.

**11:15 Verwelkoming** deur **Dennis Malan** Voorsitter van die Malan-Familiebond (Strand).

**11:20 Opening** met skriflesing en gebed deur **Ds Hercules Malan** (Strand).

**11:30 Boodskap** deur **JC (Jack) Malan** beskermheer van die Malan-Familiebond.

**11:40 Wynproe.**

**12:10 "Oorsprong van die Malans"** deur **Dr Hercules Malan (Polokwane)** Onder-voorsitter van die Malan-Familiebond.

**12:50 Tweegang middagete.**

**14:00 Skyfievertoning – Familiebond 25 jaar oud.**

**14:15 Kort geskiedenis oor "Diamant" Agter-Paarl** deur **Dr Jan Malan (Bredasdorp).**

**14:30 "Die stranding van die Schoonenberg"** deur **Dr Jan Malan (Bredasdorp).**

**15:00 Tee/Koffie**

**15:20 "Die vlug van Jacques Malan"** deur **Dr Hercules Malan (Polokwane).**

**16:00 Oorhandiging van Oorkondes**

**16:15 Afsluiting en bedankings** deur **Edie Malan (Wellington)** Voorsitter Wes-Kaap.

Vir die **Malans in Gauteng** reël ons 'n spesiale byeenkoms te **"Life Style Café" Lynnwoodrif NG Gemeente, Pretoria** en wel op **Saterdag 27 September 2014 om 10:00.**

**Program:**

**10:00 Registrasie en gesellige verkeer** met tee en verversings.

**10:30 Verwelkoming** deur **Dr Hercules Malan** (Polokwane)

**10:35 Opening met skriflesing en gebed** deur **Dr. Chris Malan,** leraar te NG Gemeente Lynnwoodrif, Pretoria.

**10:45 Boodskap van JC (Jack) Malan,** Beskermheer van die Malan-Familiebond.

**10:50 "Die toestand van die Afrikaner en Afrikaans twintig jaar na die grondwetlike oorgang"** deur **Prof. Koos Malan, UP.**

**11:30 "Die oorsprong van die Malans"** deur **Dr Hercules Malan (Polokwane).**

**12:10 Skyfievertoning – Familiebond 25 jaar oud.**

**12:40 Tweegang middagete** deur **Down South Catering – Michiel Brown.**
**Neem van groep foto.**

**14:00 Klavieruitvoering** deur **Lize-Tharien Malan.**

**14:15 "Jacques se vlug"** deur **Dr Hercules Malan (Polokwane).**

**15:00 Oorhandiging van Oorkondes – Dr Hercules Malan.**

**15:15 Bedankings en afsluiting.**

**KOSTE:** Volwassenes **R150-00 pp** heeldag. Kinders 12 jaar en jonger **R100-00 pp** heeldag. Onder 10 jaar gratis te Simonsvlei.

**KEERDATUM: Antwoord asseblief voor Dinsdag 23 September vir die Gauteng-saamtrek en voor Dinsdag 30 September vir die Kaapse-saamtrek.**

**BETALING**: Maak betaling uit aan **Malan-Familiebond, ABSA-rekeningnr.: 916 844 8977, Strand, taknr.: 632 005** deur direkte- of internetbetaling.

**Verwysingsnr.: Malan: 04/10/2014** vir die **Paarl-saamtrek en Malan: 27/09/2014 vir die Pretoria-saamtrek.**

**BEVESTIG** asseblief u betaling deur u betalingsbewys te **vonkpos** na d.s.malan@telkomsa.net of per **faks na 086 725 3059**. Verstrek asseblief jou voor- en noemnaam, van en telefoonnommer, sodat ek jou makliker kan identifiseer. Jy kan ook jou volle besonderhede pos aan **D S Malan, Die Palms 1, Kusweg 44, Strand. 7140.** Kontak my persoonlik op 083 375 3251 of 021 853 5319.

**Let wel: Die program is onderhewig aan moontlike veranderinge.**

**Hoe kom ek daar?** Vir beide **Simonsvlei** en **Spice Route** neem **N1** van **Kaapstad** draai af by Klapmuts, dan links in **Ou Paarlweg** . Vanaf **Strand** draai regs in **Ou Paarlweg R101. Simonsvlei** is so'n 2km aan die regterkant van die pad. Ry verby op pad na **Spice Route** en draai links in Suid-Agter Paarlweg. Vana:f **Paarl** volg ook die **Ou Paarlweg, R101** en draai regs in Suid-Agter Paarlweg en ry verby **Fairview.** 800m verder draai regs by **Spice Route.** Ko-ordinate S 33 grade 45' 50.00" en O 18 grade 55' 10.00".

**Hoe kom ek daar? Vir diègene wat die Saamtrek in Pretoria bywoon, is die adres "Lifestyle Café," NGK Lynnwoodrif, Lanciastraat 269, Pretoria.**

Ons sien daarna uit om jou en jou hele gesin by albei die Malan-Familiebond se Saamtrekke te ontmoet.

**LEDEGELD**

Ledegeld bedra R150 per indiwidu of gesin per jaar. Die Malan Vonk is gratis as dit elektonies gevonkpos word. Landpos kos egter R30 per jaar. Betaal in soos hierbo aangedui.

Vriendelike Malan-Familiebondgroete,

Opgestel deur Dennis Malan en nagesien deur Dr Hercules Malan wat ook die versending elektronies hanteer.